SA Media - The University of the Orange Free State

Page: 1

Source: IMPAK

Date: 16-Mar-2001

Topic: 08

Ref No: 4883

1

ID: 02663393-01

Source Page: 2

# Gee dié geld vir veiligheid

### * AEB oor Sasria se R 3 miljard

**Die AEB verwelkom die aankondiging dat R3 miljard uit die Sasria-fonds nou aangewend gaan word as aanvulling tot die staatsbegroting, sê die AEB-leier en LP, mnr. Cassie Aucamp.**

Hy sê die "AEB doen egter 'n dringende beroep op die Minister van Finansies dat hierdie R3 miljard uitsluitlik aangewend moet word om misdaad in Suid-Afrika te oorwin".

"Dit moet in gedagte gehou word dat die fondse wat in die SASRIA-fonds opgebou is, deur die publiek bygedra is om hulle te dek teen verliese verwant aan 'n onsekere veiligheidsituasie gedurende die vorige bewind."

"Dit sal dus niks meer as reg wees nie indien hierdie fondse op verwante wyse aangewend sal word: om veiligheid en sekuriteit in Suid-Afrika te verseker. SASRIA is veiligheidsgeld. Hou dit daar! Die begroting ken wel R17,1 miljard toe aan die SAPD, wat 'n styging van R1,4 miljard op die vorige boekjaar behels.

" 'n Addisionele R3 miljard wat doelmatig aangewend word om die gehalte van polisiëring in Suid-Afrika te verhoog, die kritieke situasie van voertuigtekorte aan te spreek, en veral die situasie ten opsigte van landelike beveiliging te verbeter, kan die wêreld se verskil maak en daartoe meehelp dat eens en vir altyd 'n uitklophou geslaan word teen misdaad in Suid-Afrika."

"As in gedagte gehou word dat Min. Tshwete maar R40 miljoen addisioneel geoormerk het vir landelike beveiliging, kan die verskil wat R3 miljard kan maak in perspektief gesien word."

"Dit is die oortuiging van die AEB dat 'n uitklophou teen misdaad soveel sal bydra tot beleggersvertroue en ekonomiese groei. Só 'n eenmalige inspuiting sal oor en oor die moeite werd wees," aldus mnr. Aucamp.